



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

MUSIEK V1

VAN: _____

NAAM: _____

PUNTE: 120

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A moet in potlood beantwoord word in die spasies wat voorsien word.
3. AFDELING B moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel bestaan uit manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4.1 OF 4.2 en dan VRAAG 5.1 OF 5.2.

VRAAG 1

Bestudeer die *Hunting Song* uit *Album for the young*, gekomponeer deur Robert Schumann en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hunting Song
from the Album for the Young
Op. 68, No. 7

Robert Schumann
(1810-1856)


Frisch und fröhlich

The musical score is presented in five systems, each with a grand staff (treble and bass clefs). The first system is marked *f* and includes a *Péd.* (pedal) marking. The second system features a *B* chord box and dynamics *ff* and *p*. The third system includes *C* and *D* chord boxes and dynamics *ff* and *p*. The fourth system contains *E*, *F*, and *G* chord boxes. The fifth system concludes the piece with various chordal textures and melodic lines.

- 1.1 Transponeer die gegewe fragment hieronder 'n majeur 3^{de} hoër. Voeg die nuwe toonsoortteken by.




Antwoord:



(4)

- 1.2 Herskryf die note in die blok genommer A in maat 7 in die alt-sleutel.

Antwoord:



(2)

- 1.3 Noem die intervalle by B in maat 8 en C in maat 12.


Antwoord:

B

C

(2)

- 1.4 Skryf die omkering van die interval by G in maat 21, en noem die omgekeerde interval volgens distansie en tipe.



Interval:

(2)

1.5 Noem die tipes drieklanke en die omkerings by D in maat 15, E in maat 18 en F in maat 21 bv. Vergrote drieklank in eerste omkering.

D

E

F

(6)

1.6 Voeg die tydmaattekens by (a), (b), (c) en (d) van die volgende melodieë.

Antwoord:



(4)
[20]

TRANSLATED

VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande vierstemmige fragment en volg die instruksies.

Allegro

2.1 Noem die toonsoort van die fragment.

Antwoord: (1)

2.2 Wat is die betekenis van die Italiaanse terme '*allegro*'?

Antwoord: (1)

2.3 Verander die sopraan-lyn deur nie-harmoniese note by (a) en (b) op die partituur by te voeg.

Antwoord: (2)

2.4 Noem die nie-harmoniese note wat jy by (a) en (b) gebruik het.

Antwoord: (a) (2)
(b)

2.5 Met watter kadens sluit die fragment?

Antwoord: (1)


2.6 Besyfer die drie akkoorde in the laaste maat bv. IV, B/D, I ens. op die musiekpartituur.

(3)
[10]

VRAAG 3

3.1 Skryf die relatiewe harmoniese mineur toonleer (slegs stygend) van Ab majeur, in eenvoudige vierslagmaat, met die toonsoortteken.

Antwoord:



(5)

3.2 Identifiseer die volgende toonleer/modus.




Antwoord: _____

(1)

3.3 Skryf die C blues-toonleer sonder toonsoortteken.

Antwoord:






(4)
[10]

VRAAG 4

Kies EEN van die gegewe openingsmotiewe om 'n 8-maat melodie in AB-vorm te voltooi. Sluit dinamika- en artikulasietekens by. Noem die instrument waarvoor jy hierdie melodie skryf




4.1 **Instrument:** _____



[8]

OF

4.2 **Instrument:** _____



[8]

VRAAG 5

Beantwoord óf VRAAG 5.1 óf VRAAG 5.2.

- 5.1 Harmoniseer die volgende melodie, gebruik ten minste EEN deurgangsnoot of wisselnoot en 'n volmaakte kadens aan die einde.

[12]

OF

- 5.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel uit *Pebble Hill* en volg die instruksies.

PEBBLE HILL

5.2.1 Noem die akkoord-simbole by (a) tot (e) bv. D/F#

- Antwoord:** (a) _____
 (b) _____
 (c) _____
 (d) _____
 (e) _____

(5)

5.2.2 Voltooi die partituur deur SEWE gepaste akkoorde van jou keuse in te vul. Gebruik meestal gepunteerde halfnote.

PEBBLE HILL

$\text{♩} = 144$

(a) $E^9/G^\#$ (b)

5 (c) Dma^7/A (d) $G^\#\circ(\#11)$ $G^\#\circ11$ $G^\#\circ$

9 (e) $G^\#\circ$

13 $G^\#\circ$

(7)
[12]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord die vrae in die afdeling in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.

VRAAG 6: BAROKMUSIEK – ORATORIUM

- 6.1 Kies VIER stellings/woorde wat relevant is tot die Hallelujah-koor. Skryf slegs die letters van die relevante stellings neer bv. 6.1 B, C ens.
- A Kragtig
 - B Klavierinleiding
 - C Vloeiende melodie in die laer registers herhaal word
 - D Hoë geaksentueerde akkoorde wat deur dalende voortsnellende passasies beantwoord word.
 - E Teks uit die boek Openbaring
 - F Klimaks van orkestrale trillers
 - G Skielike veranderinge tussen monofoniese-, polifoniese- en homofoniese teksture.
 - H Hoë “tikkende” ostinato figuur
 - I Drie afdelings
 - J Woorde en frases word herhaal (4)
- 6.2 Verduidelik hoe die tekstuur en dinamika behandel word in die koor ‘*For unto us a Child is born*’. (4)
- 6.3 Beskryf EEN van die volgende werke met betrekking tot struktuur, vorm en orkestrasie.
- 6.3.1 Vivaldi: *Primavera, The Four Seasons*
 - 6.3.2 Bach: *Orkes- Suite no. 3 in D majeur*
 - 6.3.3 Bach: *Prelude en Fuga in c mineur, uit Das Wohltemperirte Clavier, 1^{ste} Boek*
 - 6.3.4 Corelli: *Trio sonata in a minor, op.3, no.10*
 - 6.3.5 Bach: *Cantata 140, Wachet auf* (4)

[12]

VRAAG 7: KLASSIEKE MUSIEK

- 7.1 Skryf 'n kort paragraaf oor Beethoven se Sonata in c mineur, op.13, 3^{de} beweging (*Pathetique*). (6)
- 7.2 Noem SES eienskappe van EEN van die volgende werke van jou keuse.
- 7.2.1 Haydn: Trompet Concerto in Eb majeur: 3^{de} beweging, Allegro
- 7.2.2 Haydn: Simfonie no.94 in G majeur, "Surprise", Eerste Beweging
- 7.2.3 Mozart: *Eine Kleine Nachtmusik*: 3^{de} beweging, Minuet
- 7.2.4 Mozart: Don Giovanni: die duet Lá ci darem la mano en aria di Catalogo (6)
- [12]

VRAAG 8: ORKESMUSIEK

- 8.1 Kies EEN van die volgende definisies. Gee die naam van die orkes vir die definisie van jou keuse. Skryf slegs die naam van die orkes langs aan die vraagnommer in jou antwoordeboek.
- 8.1.1 'n Orkes wat bestaan uit houtblaasinstrumente of die kollektiewe terme vir die houtblaasinstrumente van 'n orkes
- 8.1.2 Word ook 'n verhoogorkes genoem met tussen 12 en 25 spelers
- 8.1.3 'n Klein groep van 3 tot 8 spelers
- 8.1.4 Bestaan gewoonlik uit groot groepe houtblasers, koperblasers en perkussie
- [2]

//

VRAAG 9: POPULÊRE MUSIEK

Beantwoord die vraag oor EEN van die populêre musiekkunstenars (9.1 – 9.5) wat jy bestudeer het. Benommer jou antwoord volgens die vraag gebaseer op die kunstenaar wat jy bestudeer het.

9.1 Rock and Roll: Elvis Presley

- 9.1.1 Verduidelik sy invloed op Amerikaanse kultuur asook die van die hele wêreld. (1)
- 9.1.2 Beskryf sy optredes op die verhoog. (2)
- 9.1.3 Hy het liedjies van verskillende genres gesing. Noem ten minste TWEE genres waarvan hy sulke liedjies gesing het. (2)
- 9.1.4 Noem EEN van sy albums of liedjies. (1)
- [6]**

OF**9.2 First British Invasion: Die Beatles**

- 9.2.1 Die hoogs oorspronklike styl van die Beatles en uit 'n verskeidenheid ander style ontwikkel. Noem TWEE van hierdie style. (2)
- 9.2.2 Watter Indiese strykinstrument is in die musiek van die Beatles gehoor? (1)
- 9.2.3 Beskryf die gebruik van akkoorde en melodie. (2)
- 9.2.4 Noem EEN album of liedjie. (1)
- [6]**

OF**9.3 Euro Pop: ABBA**

- 9.3.1 Beskryf hoe hul aanvanklike roem begin het. (1)
- 9.3.2 Hoe kan ABBA se musiek die beste beskryf word? (1)
- 9.3.3 Waarom word vergrote drieklanke in die welbekende ABBA-lied *Mamma Mia* gebruik? (1)
- 9.3.4 Waarom het ABBA hul laaste optrede in Amerika gekanselleer? (2)
- 9.3.5 Noem EEN album of liedjie; moenie die een wat alreeds in VRAAG 9.3.3 genoem word gebruik nie. (1)
- [6]**

OF**9.4 Volksmusiek: Bob Dylan**

- 9.4.1 Wat was sy bydrae tot popmusiek? (2)
- 9.4.2 Wat het aanvanklik die voorstelling van sy liedjies gestimuleer? (1)
- 9.4.3 Bob Dylan het in 'n verskeidenheid genres gewerk. Noem enige TWEE van hierdie genres. (2)
- 9.4.4 Noem EEN album of liedjie. (1)
- [6]**

OF**9.5 Disco: Donna Summer**

- 9.5.1 Beskryf die styl van haar liedjies. (1)
- 9.5.2 Hoekom is haar musiek nie deur ouers goedgekeur nie? (1)
- 9.5.3 Noem TWEE musiekvertonings waarin sy deelgeneem het terwyl sy in Duitsland was. (2)
- 9.5.4 Wat het gemaak dat sy haar vroeë disko-opnames veroordeel het? (1)
- 9.5.5 Noem EEN album. (1)
- [6]**

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE

Jy het een van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste bestudeer.

- Arnold van Wyk
- Pieter-Louis van Dijk
- B.B. Myataza

Skryf 'n paragraaf oor die Suid-Afrikaanse komponis wat jy bestudeer het. Sluit biografiese inligting en stylkenmerke in. Noem TWEE verteenwoordigende werke wat die komponis geskryf het

[9]

VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS IN POPULÊRE MUSIEK

Beantwoord die vraag oor EEN van die Suid-Afrikaanse kunstenaars (VRAAG 11.1 – 11.5) wat jy bestudeer het. Nommer jou antwoord volgens die vraag (kunstenaar) wat jy gekies het.

11.1 Brenda Fassie

- 11.1.1 Beskryf haar stem. (2)
- 11.1.2 Noem die liedjie wat in 1983 as 'n "12 inch maxi" deur CCP Record Company vrygestel is. (1)
- 11.1.3 Met watter bekende regisseur het sy in die laat 1980's saamgespan? (1)
- 11.1.4 Wanneer het sy gesterf? (1)
- [5]**

OF**11.2 Savuka/Juluka (Johny Clegg)**

- 11.2.1 Beskryf die styl wat hy in sy liedjies gebruik. (2)
- 11.2.2 Met wie het hy die eerste multikulturele musiekgroep gevorm? (1)
- 11.2.3 Noem hul eerste album. (1)
- 11.2.4 Hoekom het Juluka ontbind? (1)
- [5]**

OF**11.3 Mango Groove**

- 11.3.1 Beskryf hul musiekstyl. (2)
- 11.3.2 Watter TWEE instrumente het hulle geweldig gewild gemaak en wie het dit gespeel? (2)
- 11.3.2 Uit hoeveel lede bestaan hierdie groep? (1)
- [5]**

OF**11.4 Abdullah Ibrahim**

- 11.4.1 Beskryf sy musiekstyl. (2)
- 11.4.2 In watter jaar het hy as 'n professionele musikant begin optree? (1)

- 11.4.3 Watter instrument speel hy hoofsaaklik wanneer hy as 'n solis optree? (1)
- 11.4.4 Met wie het hy 'n opname gemaak toe hy terugkeer na Suid-Afrika in die 1970's? (1)
- [5]**

OF

11.5 Louis Mhlanga

- 11.5.1 Wanneer het sy loopbaan begin? (1)
- 11.5.2 Watter instrument het hom bekend gemaak? (1)
- 11.5.3 Watter groep het hy in 2001 gestig? (1)
- 11.5.4 Watter rol het hy gespeel in Zimbabwe Musieketnologie Trust? (2)
- [5]**

VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK

'n Kulturele dag is deur die Departement van Kuns en Kultuur in jou distrik georganiseer en alle leerlinge is genooi om musiek uit hulle eie kulture op te voer. Leerders van die Sotho- en Indiese kultuur vorm deel van die optredes.

Skryf die stylkenmerke/eienskappe van OF Sotho OF Indiese Klassieke Musiek.

[10]

VRAAG 13: MUSIEKINDUSTRIE EN MUSIEKREGTE

- 13.1 Waarvoor staan die afkorting SAMRO? (1)
- 13.2 Wat is die implikasies van tantieme? (3)
- [4]**

TOTAAL AFDELING B: 60

GROOTTOTAAL: 120

ROFWERK

